



Jan Venter <venter.jan@gmail.com>

Dankie vir goeie diens

1 message

Andre Stroh <andrestroh@gmail.com>

Mon, Apr 18, 2016 at 11:10 AM

To: Jan Venter Infokerk <infokerk@global.co.za>

Jan,

Jy het 'n voorslag-seun in jou kantoor! Hy het gevra dat ek moet reageer op die diens wat hy nou net gelewer het en ek kan dit met die grootste vrymoedigheid doen.

Ons di skryf mos baie getuigskrifte en dan moet ons maar improviseer, maar gelukkig hoef ek dit nie met Janri en jou en Eugenie te doen nie. Nog elke keer oor die afgelope klompie jare het goeie diens gekry en vanoggend weer.

Die volledigheid van die hulp, die verduideliking daarmee saam (geduld met die BC-mense) en die spoed waarmee my probleem reggestel is, laat my wonder of julle nie elke munisipale kantoor, lisensieafdeling, metropolisie-kantoor, handelsbanke en versekeringsmaatskappye se kantore moet oorneem nie. Dan is RSA PARADYS!

weer eens baie dankie vir die hulp en goeie, vriendelike diens.

Andre Stroh.